

WONDERBOOM VELDTEIKENKLUB



INLIGTING EN VEILIGHEID VAN VELDTEIKENSKIET

INLEIDING

Veldteikenskiet is een van die veiligste sportsoorte wat vandag beoefen word. Dit is 'n sport waar die veiligheid van die deelnemers verseker kan wees wanneer almal die basiese veiligheid reëls volg. Veldteikenskiet is 'n sport van beheer en dissipline en daar word verwag dat alle skuts die veiligheid reëls sal ken EN sal toepas.

Die dele van 'n luggeweer waarvan elke skut bewus moet wees, is die loop, aksie, lugsilinder, "Scope" en die sneller van die geweer.



REËLS VIR VEILIGE GEWEER HANTERING

Belangrike reëls wat gevolg moet word:

- Geen geweer mag hanteer word indien daar nie 'n **baanoffisier teenwoordig** is nie.
- Gewere mag NIE gelaai wees tensy skuts op die skietpunt is en die skietbaanbaan oop verklaar is nie. Wanneer skuts op die skietpunt is en die skietbaan gesluit word, **MOET** die geweer langs die skut op 'n skietkussing of skietmat geplaas word. Die geweer mag nie op die grond geplaas word nie en die skuts mag **nie die geweer hanteer** nie wanneer **die skietbaan gesluit is** nie.
- Wanneer skuts **tussen skietpunte** beweeg mag die geweer **NIE gelaai wees nie**.
- Skuts wat gewere in hulle hande dra moet die geweer **af wys na die grond toe**.
- **MOET NOOIT die geweer na iemand rig nie!** Dit geld ook vir speelgoedgewere, **NOOIT!!**
- **Hanteer ten alle tye die geweer asof dit gelaai is.**
- Wanneer 'n geweer gelaai word maak seker die geweer se **loop wys baan af!**
- **Vingers** moet ten alle tye **weg van die geweer se sneller** gehou word totdat die skut reg is om na die teiken te vuur.
- Gewere mag NIE sonder toesig gelaat word nie.
- Moet nooit iemand anders se geweer optel / hanteer sonder sy toestemming nie.
- Terwyl skuts op die skietpunte is **MOET die loop van die geweer ten alle tye baan af wys.**
- Maak **SEKER** van jou teiken en wat agter dit is.
- Wanneer die skietbaan gesluit word en die geweer is gelaai moet die geweer afgevuur word in die grond plus minus 5 meter voor die skut. Geen geweer mag gelaai wees wanneer die skietbaan gesluit is nie.

- Persone wie nie skiet nie word nie op die skietpunte toegelaat nie.
- Wanneer die fluitjie een keer blaas is die skietbaan gesluit en wanneer die fluitjie twee keer blaas is die skietbaan oop. (**Stop het een o en oop het twee o**)

Gewere veroorsaak nie skietongelukke nie, die onverantwoordelike persoon wat die geweer hanteer is verantwoordelik daarvoor.

SKIETBAAN (*DIE SKIETBAAN IS NIE 'N SPEELPLEK NIE*)

Die **baanoffisier** is in beheer van die veiligheid by 'n skietbaan of skiet kompetisie en sy woord is wet.

Voordat jy aan 'n liga mag deelneem moet jy 'n **vrywarings vorm** invul.

Jy moet altyd voor 'n liga jou geweer **inskiet**.

As die baanoffisier die **fluitjie 1** keer blaas is die baan gesluit, Indien jy besig is om aan te lê en die geweer is gelaai of jy is besig om te skiet en die fluitjie blaas EEN keer moet die geweer dadelik uitgeskiet word ongeveer 5 meter voor die skietpunt, baan af!!

As die baanoffisier die **fluitjie 2** keer blaas is die baan oop en jy mag weer skiet.

Die belangrikste aspek van enige vorm van skiet is **veiligheid**.

Jy mag nooit jou **eie telkaart invul nie**.

Geraas op die skietbaan word nie geduld nie.

Maak seker jy verstaan die baanoffisier se bevels en vra as jy nie verstaan nie.

Die geweer se loop moet altyd baan af wys !

Wanneer die geweer gelaai word **MOET** die loop baan af wys!

Indien daar tussen skietpunte beweeg word moet die geweer se loop **af** grond toe wys en hy mag nie gelaai wees nie !

Jou vinger mag **NIE** op die sneller wees as jy nie reg is om te skiet nie. (Jy is dus op die skietpunt, die skietbaan is oop verklaar en jy lê aan op die teiken wat jy gaan skiet)

Wanneer die **skietbaan OOP** verklaar is mag niemand hulle **skietpunte verlaat nie** en die skietbaan is nie meer veilig nie. **NIEMAND** mag vorentoe beweeg nie.

Slegs wanneer die skietbaan **TOE** en veilig verklaar is mag daar vorentoe beweeg word as die baanoffisier sê dis reg.

Baan af - in die rigting van die teiken(s) of skiet wal.

OORHANDIGING VAN GEWERE

Die skut wat die geweer oorhandig aan 'n ander skut moet seker maak dat die geweer **veilig** is alvorens die geweer oorhandig word.

Moet nooit 'n geweer by iemand vat alvorens die oorhandiger seker gemaak het dat die geweer veilig is nie.

Skuts mag nooit 'n geweer aan iemand oorhandig wat nie opgelei is om gewere te hanteer nie.

Gewere mag nie aan hulle "scopes" rondgedra word nie.

**Baan af - in die rigting van die teiken(s) of skiet wal.*

VERVOER VAN GEWERE

Gewere moet in geweersakke, geweertasse of geweerkasse vervoer of gedra word.

GEWEER HANTERING

Gewere mag NIE hardhandig hanteer word nie.

Gewere mag NIE neergegooi word nie.

Gewere mag NIE direk op die grond geplaas word nie.

Gewere se lope mag NIE in die grond gedruk word of raak nie.

Daar mag NIE aan die gewere se "scopes" verstel word nie.

Wees versigtig om NIE die gewere te stamp of te laat val nie.

ONDERHOUD VAN GEWERE

Pas die gewere op!

Die gewere se loop moet na elke 500 rondtes skoongemaak word. (Instruksies hiervoor sal later voorsien word)

Maak seker die gewere is nie gelaai nie voor jy begin om die gewere skoon te maak.

Laat weet die baanoffisier indien jy merk dat die gewere roes.

Moet onder GEEN omstandighede probeer om die gewere uit mekaar te haal nie.

Daar mag nie aan die gewere se "scopes" verstel word nie. Dit kan en sal die gewere se akkuraatheid beïnvloed.

Die gewere moet gereeld skoongemaak word en dit is ELKE skut se plig om daarmee te help.

LUGSILINDERS

Duiksilinders mag SLEGS deur opgeleide persone / skuts hanteer word.

Duiksilinders moet nie op die skietpunte of naby toesighouers geplaas word nie.

Duiksilinders moet NIE in die son geplaas word nie.

Duiksilinders MOET vasgemaak word wanneer hulle in voertuie vervoer word.

Duiksilinders moet volgens regulasie gereeld nagegaan word.

VOLMAAK VAN GEWERE

Gewere mag nie meer as 180 'bar' gevul word nie!!

Gewere moet nie gebruik word as die druk laer as 100 'bar' is nie.

Slegs opgeleide persone / skuts mag die gewere volmaak.

Wees versigtig wanneer die gewere volgemaak word. Wanneer die geweer se silinder volgemaak word moet daar nie voor die geweer se silinder gestaan word sodra dit aan die duiksilinder gekoppel word nie.

REËLS BY SKIETBAAN KLUIS EN SKIETBAAN

Voordat skuts 'n geweer ontvang, of jy met jou eie geweer na die skietpunt gaan, moet daar 'n vrywaringsvorm ingevul word !

Selfone moet op 'silent' geplaas word op die skietbaan.

Daar mag nie op selfone gespeel of 'gechat' word nie. Los jou selfoon in jou sak.

Indien jy op jou selfoon moet praat moet jy die skietbaan verlaat. Indien jy op die skietput is moet jy eers toestemming verkry by die baanoffisier.

Skuts is verantwoordelik vir hulle eie pellets. Spesifikasies van die pellets is by die baanoffisier beskikbaar.

Skuts wat nie skiet nie moet ten alle tye agter die skietpunte wees en mag nie die skuts wat besig is om te skiet pla nie. Skuts wat nie skiet nie moet op die plek soos deur die baanoffisier aangewys wag en daar mag nie geraas of gespeel word nie.

SLEGS skuts / persone deur die baanoffisier aangewys mag in die kluis wees. NIEMAND gaan in die kluis sonder toestemming nie !!

Die veiligheidsreëls soos reeds genoem moet ten alle tye nagekom word. Persone wie nie die veiligheidsreëls nakom nie mag toegang tot die skietbaan geweier word !!!

Skietofeninge sal plaasvind tot die baanoffisier toestemming gee dat die skietbaan verlaat mag word.

Die skietbaan moet opgeruim wees voor enige skut toegelaat sal word om huistoe te gaan. Maak seker jou ouers is bewus hiervan sodat hulle nie ongeduldig raak nie.

Die skietbaan moet ten alle tye netjies gehou word en dit is ALLE skuts se plig om te help.

Daar kan van die skuts verwag word om te help met die op en afslaan van bane wanneer daar kompetisies aangebied word.

Neem jou mede skut ten alle tye in ag. Geen gespottery sal geduld word nie.

Kinders wie nie skiet nie word nie op die skietbaan toegelaat nie.